J. PAMPALLIS: **SOL PLAATJE**. MASKEW MILLER LONGMAN, CAPE TOWN, 1992. 58 p. R16,53;
G. DUBBELD: **SERETSE KHAMA**. MASKEW MILLER LONGMAN, CAPE TOWN, 1992. 68p. R16,53;
S. DU RAND: **Z.K. MATTHEWS**. MASKEW MILLER LONGMAN, CAPE TOWN, 1993. 60 p. R16,53;
V. SOOBRAYAN: **YUSUF DADOO**. MASKEW MILLER LONGMAN, CAPE TOWN, 1993. 68 p. R16,53.

Bogenoemde publikasies vorm deel van die "They Fought for Freedom"-reeks onder redakteurskap van John Pampallis en Chris van Wyk. Die reeks handel oor die lewensverhale van Suider-Afrikaanse leiers "who struggled for freedom and justice" en wie se rol in die Suider-Afrikaanse geskiedenis nie na behore in geskiedenisboeke neerslag gevind het nie. Die reeks is 'n poging om aan hulle hul regmatige plek in die geskiedenis toe te ken.

Die publikasies is nie volwaardige ontledende en ewewigtige biografieë in die wetenskaplike sin van die woord nie, maar eerder kort biografiese sketse wat op 'n "entertaining manner" en in "clear language"

geskryf is en genoeg bruikbare en interessante inligting bevat om dit vir primêre en junior sekondêre skoolvlak geskik te maak. Elke publikasie is voorsien van 'n woordelys waarin begrippe en terme uit die teks verklaar word, 'n aantal leerlinggerigte oefeninge of aktiwiteite oor aspekte van die inhoud van die boek asook 'n bronnelys oor die onderwerp met die oog op verdere leeswerk.

As 'n poging tot historiese regstellende aksie waardeur die rol van vroeëre doodgeswygde historiese figure bekend gestel word en groter balans in die beeld van die Suid-Afrikaanse verlede gebring word, is die reeks te verwelkom. Die reeks is egter, soos die naam aandui, uit die perspektief van die "struggle" geskryf en blankes, hul instellings, beleidsrigtings, motiewe en opvattings word oorwegend negatief voorgestel terwyl hul slagoffers - die leiers en ondersteuners van die stryd om vryheid - geïdealiseer, geromantiseer, met groot simpatie en met weinig kritiek aan die leser voorgehou word.

Die pogings om te onderrig, op te voed en 'n bydrae tot nasiebou in 'n nuwe Suid-Afrika te lewer is soms kunsmatig en te opsigtelik. In die sin word faktore soos rassisme, etnisiteit, "tribalism", kolonialisme en outokratiese optrede as potensieel verdelend gekritiseer terwyl die strewe na eenheid, politieke onafhanklikheid, demokrasie, respek vir landsimbole en die waarde van onderwys en opleiding as ideale voorgehou word.

Ten spyte van gebreke behoort die reeks deel te vorm van enige skoolbiblioteek. Voordat die reeks egter as aanvullende onderrigmateriaal in 'n klaskamersituasie aangewend word, moet bogenoemde tekortkominge deeglik in berekening gebring word.

A. Ehlers